

Australië

2010

Gerhard Scholtemeijer

Jos de Kock



CANOLA TOER NA AUSTRALIË

4-20 JUNIE 2010

1. INLEIDING

Hierdie besoek aan beleidmakers by saadmaatskappye in Australië is deur die Raad goedgekeur na aanleiding van twee vorige besoeke aan Australië onder leiding van Dr De Kock naamlik in 2006 en weer in 2008. Die grondslag vir beter samewerking tussen die PNS en Australiese saadmaatskappye is tydens hierdie twee besoeke reeds ge-opper en selfs bevestig, maar hierdie poging was gemik daarop om op senior beleidmakersvlak die volle samewerking van canola saadmaatskappye in Australië te kry in 'n poging om die "ekstra 300 tot 500 kg opbrengs" in Suid-Afrika te verkry in 'n poging om canola 'n selfstandige bedryf in eie reg alhier te maak.

2. PACIFIC SEEDS/ADVANTA

Beide Advanta en Pacific Seeds is deel van die UPL Group of Companies wat behoort aan twee burgers van Indië. Die "Business Manager" van Pacific Seeds, ene Mnr Philippe Gall met wie Dr De Kock geskakel het tydens sy vorige besoek in Australië, kon ons nie persoonlik ontvang nie aangesien hy op kort kennisgewing besluit om self 'n besoek aan Suid-Afrika te bring. Ons is egter by Pacific Seeds ontvang deur Mnr Andrew Easton, "Canola Breeder" van Pacific Seeds, maar ook "International Research Manager/Brassicas" van Advanta, en sy Besturende Direkteur Mnr Barry Croker.

Vorige besoeke van Dr De Kock en ander aan Pacific Seeds het duidelik 'n goeie fondament gevorm vir die PNS se huidige besoek. Hulle het presies geweet waarvoor die PNS daar is en dit is nodig om te notuleer dat dit juis vanaf Mnr Andrew Easton is dat Dr De Kock die eerste cultivars gekry het wat reeds hierdie jaar in die internasionale cultivarproewe geplant is by Langgewens in die Swartland en Tygerhoek in die Suid-Kaap. Van die 9 cultivars/lyne wat ontvang is, was 7 basters en 2 oopbestuifde cultivars. Hierdie cultivars/lyne bestaan uit Clearfield, TT en konvensionele tipes.

Die gesprek het begin met 'n voorlegging deur Mnr Scholtemeijer wat 'n PowerPoint aanbieding gemaak het van waar die PNS vandaan kom, hoe dit befonds word, die vernaamste doelstellings en waarom die sending in Australië is. Hierdie voorlegging het min bespreking uitgelok en was dit duidelik dat hulle reeds voor ons aankoms besluit het dat hulle met die PNS wil saamwerk. Soos reeds gesê, het hulle hul cultivars aan die PNS gestuur vir toetsing, maar dit het na heelwat gespook op K2 Agri se invoerpermitte in Suid-Afrika aangekom, omdat die PNS se invoerpermitte nog nie gereed was nie.

Pacific Seeds het 'n sekere stelstel waarvolgens hulle hul teelprogram bedryf. Sodra die cultivars/lyne ontwikkel is, deel hulle hul proses verder in 'n C Groep, B Groep, A1 en A2 Groepe. Die C groep word op drie plekke aangeplant met byvoorbeeld 900 inskrywings, daarna volg die B Groep wat op 8 tot 10 plekke aangeplant word met 90 inskrywings, dan die A1 Groep wat op 15 plekke aangeplant word met

ongeveer 20 inskrywings. Daarna volg die A2 Groep wat ingeskryf word in hul nasionale cultivar proewe - in hulle terme “National Variety Trials” wat net hul 5 beste inskrywings insluit. Hierna volg hulle verkope om kommersieel aan te plant wat uiteraard gedurende die eerste jaar slegs beperkte hoeveelhede is.

Ons het ooreengekom dat die aangewese stadium waar hulle materiaal na die PNS toe gestuur behoort te word, sal wees van hulle A1 stadium, wat dan by ons op 2 plekke aangeplant word en wat hoogstens 10 inskrywings sal hê. Daarna kan dit ingesluit word in die plaaslike nasionale cultivarproewe wat tans op 14 plekke aangeplant word. Slegs die bestes sal dan ingesluit word in die laaste stadium deur “Pilot Sales” of voorlopige verkope wat 1 tot 5 aanplantings kan behels deur K2 Agri. Dit sal dan beteken dat vanaf die A1 fase by hulle, gedupliseer kan word met parallelle toetsing wat dan by die PNS begin. Die resultaat daarvan sal wees dat die PNS hoogstens aan die einde, moontlik 1 jaar agter kan wees, maar normaalweg eintlik elke jaar gelyk met hulle sal loop met die vrystelling van cultivars.

In ‘n gesprek oor welke lesings hulle benodig van hulle cultivars wat in Suid-Afrika aangeplant word, het hulle aangedui dat die PNS dit moet oorweeg om die lesings wat by die RSA nasionale cultivarproewe gedoen word te standaardiseer met dit wat in Australië gedoen word. Hierdie inligting wat hulle normaalweg insamel kan verkry word vanaf hulle “National Variety Trials” wat deur Alan Bedggood in Horsham

gekoördineer word. Dit kan afgelaai word van hulle webblad en na oorweging kan die PNS besluit om in te stem of verder daaroor te onderhandel. Die PNS het reeds 'n skakel met hierdie webadres wat as volg is www.nvtonline.com.au.

Die huidige 9 lyne wat tans in Suid-Afrika geëvalueer word op die 2 plekke naamlik Langgewens en Tygerhoek is nog onder kodenommers, maar van hierdie aanplantings sal reeds hierdie seisoen in Australië vrygestel word nadat die huidige seisoen se resultate beskikbaar is. Sommige van hierdie lyne het reeds name aldaar en Andrew Easton het onderneem om aan Dr De Kock name te stuur van die betrokke cultivars sodat die PNS kan weet wanneer, plaaslike resultate verkry word, wat reeds hierdie jaar deur Pacific Seed vrygestel gaan word.

Op ons navraag of daar in Suid-Afrika navorsing gedoen moet word oor Swartstamweerstand, was die antwoord dat in Australië reeds intensief geëvalueer word vir Swartstam deur die hele teelproses en dat met sekerheid gesê kan word dat die mees weerstandbiedende materiaal uiteindelik vrygestel word. Daar is ook aangedui dat Swartstam nie meer so 'n groot probleem is soos wat aanvanklik gedink is en wat aanleiding gegee het tot 'n definitiewe 4 jaar wisselbouperiode wat gevolg moet word. In sommige gevalle word hierdie wisselbouperiode in Australië reeds verminder na 2 jaar. Daar moet egter indringend na hierdie saak gekyk word en menings is uitgespreek dat in Suid-Afrika se geval daar gekyk moet word om dalk

met 'n 3 jaar wisselboustelsel dieselfde resultate te behaal.

Die PNS het ook navraag gedoen oor die publisering van belangrike inligting, nuusbrokkies, ensovoorts wat van tyd tot tyd deur Pacific Seeds gedoen word. Hulle het daarop gewys dat die meeste van dit op hulle webblad vervat is en dat die PNS dit daar kan naspeur. Hulle het daarop gewys dat dit net voor die seisoen 'n hoogtepunt bereik en wanneer planttyd in die seisoen eers aan die gang is, daar dan nie meer so baie nuus is nie, en daarom sal dit noodsaaklik wees dat die PNS gerat moet word om waarskynlik van November af op Pacific Seeds se webblad te blaai om te kyk watse interessante inligting hulle beskikbaar stel wat wetenswaardig sal wees vir die Suid-Afrikaanse produsente sodat die PNS dit vir hulle kan deurgee.

Die PNS het ook navraag gedoen oor die moontlike skakeling tussen die PNS webblad met die van Pacific Seeds wat baie duidelik goed ontvang is en dit is wenslik dat Mev Du Preez hierop ingaan. Hulle webadres is www.pacificseeds.com.au.

Andrew Easton het aangedui dat hy nie verwag dat daar 'n baie fyn indeling van canolacultivars aanwending sal wees nie omdat canola geteel en ontwikkel word vir breër aanpassing en dat die cultivar wat in die een klimaatsones goed doen, ook oor 'n verskeidenheid ander klimaatsones goed behoort te doen.

‘n Staatsorganisasie in Australië te wete Grains Research & Development Corporation (GRDC), verskaf befondsing vir die toets van die cultivars in die “National Variety Trials”, Hulle beskik oor geen werklike stelsel van vrystelling nie. Inligting en data wat uit die proewe verkry word, word aan almal beskikbaar gestel.

Opsommenderwys is die PNS van mening dat samewerking met Pacific Seeds ‘n besondere stap in die regte rigting is en dat daar gemeenskaplike entoesiasme is ten opsigte van genoemde wedersydse samewerking.

3. NU SEED

Ons is ontvang deur Mnr Brent Whittaker, die “Global Market Development Manager” hoewel hy ons later meegedeel het dat hy eintlik ‘n Sonneblom spesialis is.

‘Nu Seed is ‘n filiaal van ‘n Internasionale maatskappy NuFarm wat op die Australiese aandelebeurs genoteer is. Hulle is ‘n internasionale generiese chemiese maatskappy en het sy ontstaan gehad hoofsaaklik aan die chemiese kant en het later saad bygekry. Chemies is hulle baie sterk. Tot soveel as 90% van hulle besigheid word in Amerika, Australië en Europa gedoen. Aan die saad kant het hulle eers met Sorghum begin en toe later Sonneblom en Canola bygetrek en afhangende van die seisoen wissel die belangrikheid van hierdie gewasse in hulle totale omset.

Tydens die gesprek het Mnr Brent Whittaker aan die PNS genoem dat saadmaatskappye meer en meer hul betrokkenheid staak by selfbestuiwende gewasse soos koring en dat hulle maatskappy dieselfde gedoen het vanweë die probleme hieraan verbonde. Ons was reeds bewus daarvan dat Agricol die amptelike agent van Nu Seed in Suid-Afrika is. Nu Seed was tot hertoe deur Agricol die belangrikste verspreider van canola saad in Suid-Afrika.

Tans verkoop hulle konvensionele en TT saad maar beskik oor geen basters nie. Hulle het ook reeds die Monola in Suid-Afrika getoets, maar het weer onttrek omdat Monola ook nie 'n baster is nie.

Die PNS het die gesprek weereens begin deur 'n PowerPoint voorlegging oor wie en wat die PNS is, wat die PNS wens te bereik en hoekom die PNS graag wil hê dat Nu Seed met die PNS moet saam werk. Mnr Whittaker het aangedui dat hy die PNS graag sou aanhoor maar dat die eintlike gesprek tussen die PNS en Nu Seed in Melbourne sal plaasvind. Daar het hy ook sekere kollegas wat hy addisioneel wil bytrek by die afspraak wat reeds gemaak is.

Nu Seed konsentreer baie hard op konvensionele en TT cultivars en wil so spoedig doenlik basters produseer om ooglopende redes. Hulle het dit egter duidelik aan die PNS gestel dat vir hulle die eerste prys sal wees om Roundup Ready in konvensionele cultivars, en natuurlik verkieslik in die vorm van basters te ontwikkel en dat dit vir hulle die beste resultate sal lewer.

4. PIONEER TOOWOOMBA

Die PNS afvaardiging het die 11de Junie 'n besoek aan Pioneer in Toowoomba gebring. Die afspraak is gereël deur Rob Wilson, die senior teler van Pioneer wat op Wagga Wagga gestasioneer is en hy het gereël dat Peter Kleynhans, een van hulle hoofbestuurders, die PNS sal ontvang by Toowoomba. Blykbaar het Peter Kleynhans na ons vertrek 'n epos na Dr De Kock gestuur in Suid-Afrika om te sê dat hy nie meer die afspraak kan nakom nie en dat hy gereël het dat die PNS deur van hulle ander personeel ontvang sal word. Die PNS afvaardiging is toe ontvang deur Stephen Wilson die "Corn Research Manager" en deur James Holden "National Marketing and Communication Manager". Mnr Scholtemeijer het die PowerPoint voordrag gegee van wie en wat die PNS is. Hulle het heelwat vrae tussenin gevra en dit was duidelik dat hulle die voorlegging heel interessant gevind het. Hulle het dadelik aangedui dat hulle deur hulle arm in Suid-Afrika, Pioneer SA sal wil werk, en het ook aangedui dat hulle baie positief is oor die samewerking met die PNS. Hulle twee sal dit eerskomende Dinsdag die 15de Junie 2010 aan die Hoofbestuur, waarvan hulle ook lid is, oordra en dan sal hulle daarna met hulle mense in Suid-Afrika mnr Willem Engelbrecht en kie skakel. Na verdere onderlinge samesprekings daaroor, sal hulle weer met Dr De Kock skakel en die PNS inlig hoe hulle die proses vorentoe sien.

Hulle het aangedui dat Pioneer se teelprogram nou baie sterk gerig word om te werk op Roundup Ready basters en Clearfield basters en

dat hulle heeltemal wegbeweeg van die TT indeling en van die konvensionele indeling. Hulle sal wel egter hierdie materiaal aan die PNS beskikbaar wil stel om te toets. Dit mag wees dat hulle die materiaal deur Pioneer Suid-Afrika aan die PNS beskikbaar sal stel, want hulle is van mening dat Pioneer Suid-Afrika, indien daar kultivars is wat bemark kan word, die saadvermeerdering self in Suid-Afrika moet doen. Die PNS afvaardiging was heeltemal te vinde met so 'n reëling en die PNS sien uit na 'n positiewe reaksie op die PNS besoek.

5. AUSTRALIAN OILSEEDS FEDERATION

Die PNS afvaardiging het laat Saterdagmiddag 12 Junie 2010 'n gesprek gevoer met die Uitvoerende Direkteur van die Australian Oilseeds Federation (AOF) Mnr Nick Goddard. Mnr Goddard was voorheen verbonde aan Uni-Lever en is meer vertrouwd met die "oliepers-sy" van oliesade as die landboukundige aspekte daarvan. Aangesien dit die enigste geleentheid was om met hom gesprek te voer het die PNS dit baie waardeer dat hy, ten spyte van 'n lang naweek, bereid was om Mnr Scholtemeijer en Dr De Kock op 'n Saterdagmiddag te ontmoet.

Mnr Goddard is 'n jaar gelede in hierdie pos aangestel, met die gevolg dat beide Dr De Kock en Mnr Scholtemeijer, wat die vorige twee direkteure geken het, van vooraf met Mnr Goddard samewerking sal moet bewerkstellig. Hy het egter baie vriendelik en hulpvaardig voorgekom soos ook geblyk het tydens die gesprek met hom.

Volgens hom is sy vernaamste verantwoordelikhede canola wat ongeveer 2 miljoen ton produksie per jaar omvat, so wel as sojabone van ongeveer 100 000 ton en sonneblom minder as 40 000 ton.

Ons het uiteraard en vanweë beperkte tyd slegs oor breë beginsels gesels. Hy het aangedui dat daar baie inligting op hulle webblad (www.australianoilseeds.com) beskikbaar is. Hy het bevestig dat hy reeds na die PNS se webblad gekyk het en so eeffe van 'n agtergrond van die PNS het. Mnr Scholtemeijer het egter, aangesien hy nie 'n PowerPoint aanbieding kon maak nie, basies dieselfde beginsels ten opsigte van die PNS verduidelik as wat in die normale PowerPoint vervat is. Die PNS het ook onderneem om onmiddellik aan hom die normale PowerPoint aanbieding per epos te voorsien.

In die gesprek het dit geblyk dat hulle ook 'n verskeidenheid dokumente op hulle webblad beskikbaar het waarvan die PNS alreeds vantevore die AOF se 10 jaar plan afgetrek het. Hy het aangedui dat dit juis een van sy verantwoordelikhede is om 'n nuwe 10 jaar plan op te stel. Hy het aan die PNS verduidelik dat hulle noue skakeling met die Kanadese het by wie hulle baie leer en daarom is dit ongetwyfeld so dat hulle ook bereid sal wees om aan die PNS beskikbaar te stel wat hulle het sodat die PNS weer van hulle kan leer. Ons het na aanleiding van hierdie gesprek gevoel dat daar so spoedig doenlik 'n algemene studie van die AOF se webblad gemaak moet word en dat

daar ook sekere dokumente daarvan afgetrek moet word. Mnr Goddard het onderneem om van die belangrikste dokumente waaroor gesprek gevoer is in harde kopie aan die PNS te verskaf. (Dokumente reeds ontvang.)

Wat navorsing betref word die navorsing befonds deur die GRDC (Grains Research Development Corporation). Hulle word befonds deur heffings per ton wat dan weer op 'n een tot een basis deur die Regering aangevul word met die oog op genoemde navorsing. So het mnr Goddard aangedui dat hulle na 'n nuwe wisselbouprojek kyk wat reeds deur die GRDC goedgekeur is.

Ons het aangedui dat die PNS reeds vorige skakeling met die AOF gehad het. So byvoorbeeld is die toer insake opberging van canola in 1998 grootliks gereël deur die AOF, hoewel Dr De Kock by sy vorige twee sendings nie hiervan gebruik gemaak het nie. Mnr Goddard het aangedui dat hulle met graagte behulpsaam sal wees om toekomstige sendings te help en met die regte mense in verbinding te bring na aanleiding van behoeftes wat die PNS aan hulle sou mag voorlê - dit sou wenslik wees om van hierdie aanbod gebruik te maak omdat hulle uiteraard ten volle op hoogte is met die belangrikste rolspelers.

Hierdie gesprek was 'n goeie voorloper vir die besoek aan Suid-Afrika van die AOF se Voorsitter mnr Trent Potter wat beplan word vir Augustus 2010. Die sending wil aan die hand doen dat die

toekomstige samewerking met die AOF beter geformuleer sal word nadat ook met mnr Trent Potter hieromtrent gesprek gevoer is.

6. NU SEED - MELBOURNE

Die sending is alhier ontvang deur Mnr Tim Wilmshurst "Product Manager" van Nu Seed in Melbourne. Volgens hom is sy verantwoordelikheid canola en hoofsaaklik dit wat in Australië bemark word - met ander woorde hy is verantwoordelik vir ongeveer 80% plus van hulle totale canola produksie .

Die PNS is weereens baie aangenaam ontvang en Mnr Scholtemeijer het tradisioneel die PowerPoint aanbieding gemaak van die PNS en waarom ons daar is en waarom dit waarskynlik goed vir hulle sal wees om met die PNS saam te werk. Die voorlegging is goed ontvang.

Die interessante opmerking wat hy gemaak het is dat hulle hard besig is om aan Roundup Ready cultivars te werk en ook met die ontwikkeling van basters in Roundup Ready. Wat hulle betref lê die toekoms in Clearfield en Roundup Ready basters.

Volgens Mnr Wilmshurst doen Agricol tans vir hulle proewe van 'n aantal lyne wat insluit lyne soos Scorpion en Hyola 61 wat volgens hom goed behoort te vaar in Suid-Afrika. Hy het aangedui dat die TT lyne en konvensionele lyne nog vir die volgende 5 jaar beskikbaar sal wees en dan nie verder nie. Mnr Wilmshurst het ook genoem dat hulle met Agricol sal praat en dat hy ook met Brent Whittaker van

Toowoomba (sien paragraaf 3 hierbo) sal praat en as hulle dan 'n besluit geneem het, sal hy weer met die PNS skakel. Hy het verder genoem dat hulle ook die spesialiteitscanola en Juncea Canola beskikbaar het, maar hulle dit sien net as 'n moontlikheid waar die reënval onder 300 mm per jaar is.

Met die oog op aanplantings slegs op 2 lokaliteite in 2011 naamlik Langgewens en Tygherhoek onderskeidelik en dan die jaar daarna aanplantings in die volle cultivarproewe is dit nodig dat die PNS hulle inlig hoeveel saad die PNS benodig onderskeidelik in jare 1 en 2, aangesien hy gewys het op die skaarsheid van saad aan die begin van 'n cultivar se lewensiklus.

7. CANOLA BREEDERS - WESTERN AUSTRALIA/THE UNIVERSITY OF WESTERN AUSTRALIA

Ons is ontvang deur die hoof van die Groep, Prof. Wallace Cowling. Hy het 2 hoede op - die een is dat hy "Associate Professor in Plant Breeding" is by die Universiteit en die ander hoed is dat hy die Senior "Research Director" van die maatskappy "Canola Breeders Western Australia" is, Dr Cameron Beeck wat bekend is as 'n Canola teler en ook Dr Janet Wroth, "Project Manager" van "Canola Western Australia". By die groep was ook Mark Benz, die "Sales Manager for Western Australia", asook Mnr Milton Sanders, "Senior Field Operations Manager".

Gedurende die gesprek het hulle ook kort-kort verwys na David

Strong wat in Melbourne gevestig is en wat nie die vergadering kon bywoon nie, omdat hy op die betrokke tydstip in Duitsland was. Dit is ooglopend duidelik dat die mnr Strong 'n baie sterk sê het en ook onderhandel met Suid-Afrika. Hy is ook 'n mede direkteur van CBWA.

CBWA het 5 eienaars te wete: Die Universiteit van Wes Australië (UWA), die finansieringsgroep GRDC, die Duitse groep NPZ-Lembke en laastens 'n groep boere (COGGO) "Council of Grain Grower Organisations Ltd." Die volledige en gedetailleerde beskrywing van die eienaars van CBWA is in die 2008 verslag van die besoek aan Australië volledig uiteengesit.

Wat Mnr Strong betref net die volgende: Volgens die geselskap doen hy die bemarking en het onder andere begin met die cultivar Agamax wat die eerste baster in Suid-Afrika was sedert hierdie maatskappy in 2001 sy ontstaan gehad het. Hulle praat onder andere dat daar in die verlede "Flogging surplus in South Africa" ter sake was, maar dat hulle deesdae baie meer ernstig kyk na die cultivars en dit beter keur. David Strong word baie sterk beïnvloed deur die beleid wat by NPZ-Lembke gemaak word. Daar is ook aanduidings dat hy die PNS nog hierdie jaar sal besoek.

Tydens die gesprek het Prof Cowling aangedui dat 90% van die oppervlakte in Wes Australië onder canola beplant word met triazienbestande cultivars. Hulle maatskappy het tans 'n intensiewe teelprogram om triazienbestande cultivars om te skakel na basters en

hulle begin ook nou met basters in Roundup Ready. Prof. Cowling meen dat die basters se omset nie so vinnig sal wees as die oopbestuifde cultivars nie - met ander woorde baster cultivars sal nie so vinnig vervang word as oopbestuifde cultivars nie. Hulle gaan ook, om ooglopende redes, nie meer oopbestuifde cultivars bevorder nie.

Die gesprek het weereens begin met die tradisionele PowerPoint aanbieding deur Mnr Scholtemeijer van wie die PNS is, waar hulle vandaan kom en waarom die afvaardiging in Australië is. Ons was bewus daarvan dat ook hierdie maatskappy, CBWA, sy cultivars versprei deur ook gebruik te maak van Agricol in Suid-Afrika. Ons het versoek dat soveel moontlik tegnologie en interessante brokkies aan die PNS beskikbaar gestel sal word wat die PNS kan oordra. Ons het onder andere die PNS "Canola Production Manual" aan hulle getoon. Mnr Sanders is tans besig met 'n soortgelyke dokument vir Australië en het gevra of die PNS asseblief aan hom 'n afskrif van die PNS handleiding kan stuur. Mnr Sanders het op sy beurt aan Mnr Scholtemeijer en Dr De Kock twee tydskrifte gegee wat gepubliseer is deur GRDC onder die vaandel van Better Oilseeds. Dit is veral in die bladskrif getitel "Spring 2008 - Introduction" wat amper klink of die PNS dit geskryf het.

Prof. Cowling was vantevore betrokke by lupien teelwerk en vandaar sy kennis van die PNS. Ons het egter aan hom verduidelik dat die lupiene gesneuwel het omdat daar nie uitbreiding was en, dat, tensy die PNS in die volgende 5 jaar dramatiese verbetering in die canola

mark sien, canola dan dieselfde roete mag gaan. Ons het weereens beklemtoon dat die PNS nuwe cultivars so spoedig doenlik in Suid-Afrika wil sien. Hulle het bevestig dat dit reeds hulle beleid is en dat dit hierdie jaar gebeur het en dat hulle reeds cultivars geïdentifiseer het vir aanstaande jaar wat gelyktydig in Suid-Afrika se cultivarproewe beskikbaar sal wees as in Australië.

Interessante aanbevelings van Prof. Cowling se kant af was dat die PNS gerus daaraan kan dink om proewe te befonds om die voordeel aan te dui van basters bo die van oopbestuifde cultivars. Hulle kan ook by so 'n proef betrokke raak en vir die PNS daarmee behulpsaam wees. Hy het verder genoem dat hulle ook tans 'n nuwe cultivar, behalwe Yardee, het in die TT baster groep naamlik Mallee wat hulle dink wat goed in Suid-Afrika sal doen.

Ter afsluiting het hy gesê dat hulle ook by die Universiteit 'n program het om sclerotinia op canola te evalueer en hy noem dat hulle vordering daarmee toon - volgens hom het hulle Chinese materiaal wat redelike weerstand toon. Die Chinese canola is egter hoegenaamd nie in Suid-Afrika aangepas nie.

Mnr Milton Sanders het ook verwys na die direk stroop versus platsny wat by hulle aandag gekry het en die voordeel wat gegaan het met direk stroop. Die PNS moet navraag doen by hom om vir die PNS meer besonderhede hieromtrent te gee sodat dit kan aanpas by die projek wat Dr Strauss van DLWKP (Departement Landbou Wes-Kaap) tans mee besig is en wat deur die PNS befonds word.

8. DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND FOOD - WESTERN AUSTRALIA

Ons is verwelkom deur Dr Mohammed Amjad 'n Agronoom, wat al die cultivarevalueringwerk koördineer. Saam met hom was daar die volgende: Mnr Bill Bowden, 'n Plantvoedingkundige wat nou in modellering in beweeg het, Mnr David Kessel, 'n ekonoom en Dr Rosalie McCauley, 'n Plantbioloog.

Na die algemene verwelkoming en Mnr Scholtemeijer aangedui het wie en wat die PNS is, het Dr Amjad die PNS oor die algemeen ingelig oor canola verbouing in Wes-Australië en daarop gedui dat hulle nou, in die 2de jaar nadat die moratorium op GM canola opgehef is, reeds 70 000 ha Roundup Ready verbou uit die totaal van $\pm$ 1 miljoen ha in Wes-Australië. Dr McCauley het aangedui dat hulle verlede jaar sekere produsente toegelaat het om slegs 70 ha te plant. Daar was uiteindelik 17 boere wat in totaal 860 ha geplant het terwyl hulle hierdie jaar 30 000 ha verwag het, maar 70 000 ha aangeplant is.

Dr Amjad het aangedui dat hulle 'n groot uitbreiding verwag van die Roundup Ready oppervlakte onder canola, veral omdat onkruidbeheer nog altyd 'n groot probleem was in Wes-Australië. Hy het verder aangedui dat die planttyd min of meer dieselfde is as die van die Wes-Kaap, met ander woorde die groeiperiode is ook dieselfde as die van ons canola in Suid-Afrika. Daarna het Mnr Bill

Bowden voorbeelde getoon van 'n hele paar rekenaarprogramme van hoe hulle die potensiaal van canola bereken veral ten opsigte van die stikstofbehoefte, beskikbare vog en die gebied se algemene reënval.

Toe Mnr David Kessel, die ekonoom aan die beurt gekom het, het hy eers 'n bietjie oor die sogenaamde streke gepraat waarop Mnr Bill Bowden die gesprek oorgeneem het en 'n kaart geteken het van die verskillende sones in Wes-Australië. In die dokument getitel "Note 406, January 2010" se vierde bladsy is daar 'n kleurkaart in figuur 2 getitel "Agzones in Western Australia". Reënval syfers word ook op hierdie kaart aangetoon. Mnr David Kessel het aan ons 'n voorlegging gemaak van hulle kosteberekening vir die produksie van canola en ook koring met 'n gedetailleerde uiteensetting van die koste elemente en die berekening van 'n bruto marge, sowel as sensitiwiteitsanalises wat aangeheg was. Hy het aangedui dat hy dit vir die PNS sal aanstuur per epos. Ons het soortgelyk van die PNS se kant aan hom 'n afskrif gegee van die PNS se inkomste en kosteramings.

Dr McCauley het aangedui dat hulle tans 'n intensiewe program het om boere inligting te gee oor die verbetering wat bereik kan word met die gebruik van Roundup Ready canola. Dit is interessant dat dit blyk of hulle totaal wil weg beweeg van TT cultivars na Roundup Ready cultivars as gevolg van die feit dat hulle die onkruid daarmee net so goed kan beheer. Hulle het aangedui dat die grootste probleem wat hulle het sogenaamde "Wild Raddish" is.

Dr McCauley het verder aan ons 'n enkel bladsy van hul webblad gedemonstreer en uitgebrei oor hoe hulle dit meer gebruikersvriendelik gemaak het omdat dit nie gemaklik was om die verskillende onderwerpe op die webblad te vind nie. Op navraag het sy aangedui dat sy onmiddellik sal reël vir 'n skakeling met die PNS se webblad. (Die inhoudsopgawe van hulle webblad sal by hierdie verslag aangeheg word. Die voorbeeld wat sy gebruik het was om die webblad op te roep, click op crops en dan op GM crops.)

Dr McCauley het verder aan die PNS 'n dokument beskikbaar gestel getitel "The 2009 Genetically Modified Canola Trials Program in Western Australia" wat beskikbaar is vir verdere bestudering. Ander dokumente wat sy aan ons gegee het is in 'n lêer vervat en sal as aanhangsels gestipuleer word.

Laastens was dit vir ons interessant dat hulle aangedui het dat in die hele Australië die moratorium tans opgehef is ten opsigte van GM canola met die uitsondering van Suid-Australië waar dit nog steeds van krag is. Hierdie aspek moet in aanmerking geneem word vir die ontwikkeling van nuwe cultivars uit daardie gebied.

Ter opsomming het ons 'n algemene beroep op Dr Mohammed Amjad en sy kollegas gedoen om enige interessante inligting wat dit vir die PNS makliker sal maak om canola kundigheid in die vorm van tegnologie-oordrag te doen, aan die PNS beskikbaar te stel.

9. SLOT

As in ag geneem word dat alle canolasaad wat in Suid-Afrika geplant word, uit Australië kom, was hierdie besoek 'n baie belangrike besoek om op hoogte te kom met die pad vorentoe van die Australiese canola teelprogram soos aan ons meegedeel deur die beleidmakers en leiers in die canola saadbedryf in Australië. Omgekeerd het ons die geleentheid gehad om aan die beleidmakers presies te verduidelik wie en wat die PNS is en wat die voorgestelde generiese bemarkingsprogram presies behels - hoekom dit gedoen word, wat beplan word en welke voordele dit vir die Australiese canola saadbedryf mag inhou.

Ons glo dat ons baie meer inligting, baie meer gereeld sal ontvang oor 'n verskeidenheid onderwerpe, maar dit is ook belangrik dat die PNS baie meer en gereeld op die betrokkenes se webblaaie na relevante inligting sal moet soek.

Die Internasionale Cultivar Proewe wat hierdie jaar reeds 'n aanvang geneem het, moet voortgesit word en sal uitgebrei word hoewel dit duidelik blyk dat die Australiërs nie naastenby dieselfde metodiek van proewe volg as in Suid-Afrika nie. Daar is aangedui dat hulle 'n cultivar slegs vir een jaar in hul cultivar proewe inskryf en dan onmiddellik kommersialiseer. Ons sal waarskynlik ons program ook hierby moet aanpas om inpas te wees met Australiese praktyke. Dit sal die PNS ook uiteraard pas as die meeste werk in Australië gedoen

word en ons so spoedig doenlik dan cultivars op ons kommersiële mark kan kry om die tydsverloop te beperk tot 'n minimum.

'n Belangrike aspek is egter die beleid om weg te beweeg van oopbestuifde cultivars ten gunste van basters wat verstaanbaar is. Dit sal ook tot gevolg hê dat cultivars nie so vinnig vervang sal word nie en dus 'n langer leeftyd sal hê.

Almal is egter baie opgewonde dat GM cultivars nou wetlik toegelaat word in Australië en reeds in die 2de jaar op 70 000 ha te staan kom. Die antwoord lê nou en in die toekoms in Roundup Ready basters wat baie van die tipiese Monsanto probleme sal oplos. Dit is wenslik dat die gesprek met Monsanto so spoedig doenlik opgevolg moet word met die oog op registrasie in Suid-Afrika.

Ons gee graag erkenning aan die PNS Raad met dankbaarheid dat ons die geleentheid gehad het om hierdie besoek aan Australië te bring en wil vertrou dat die inligting wat hieruit mag voortvloei 'n wesenlike bydra sal maak tot die generiese bemarkingsprogram van canola wat tans van stapel gestuur word.

DR JOS DE KOCK

Canola toer na Australië 4-20 Junie 2010.

MNR GERHARD SCHOLTEMEIJER